



Verwysing: 20190906-8904  
Lêernommer: 4/3/R  
Navrae: CC Adendorff

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0003/2019

Aan: Superintendent-Generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore) Hoofde van alle subdirektorate en afdelings en Finansiespersoneel

**Onderwerp: Terugbetalings aan amptenare wat slegs vir amptelike doeleindes in die Grand Central Towers- en Goue Akker-gebou parkeer**

1. Hierdie minuut dien om riglyne te bied oor terugbetalings aan amptenare wat, vir amptelike doeleindes by die Hoofkantoor van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), vir parkering in die Grand Central Towers- en Goue Akker-gebou betaal het.
2. Ingevolge artikel 38(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), sal die rekenpligtige beampte van 'n departement:  
“(a) must ensure that that department, trading entity or constitutional institution has and maintains–  
(i) effective, efficient and transparent systems of financial and risk management and internal control.”
3. Ingevolge paragraaf 17.1.1 van die Nasionale Tesourieregulasies gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 27388 van 15 Maart 2005, moet die rekeningpligte beampte verseker dat:  
“All the transactions of an institution must be supported by authentic and verifiable source documents, clearly indicating the approved accounting allocation.”
4. Die behoefte aan die terugbetaling van parkeergeld het ontstaan omdat daar vanaf 21 Januarie 2019 nie meer gestempelde kaartjies as betaalmiddel in die Grand Central Towers- en Goue Akker-gebou aanvaar is nie.
5. Die terugbetaling aan amptenare vir parkering in die Grand Central Towers- en Goue Akker-gebou vir amptelike doeleindes sal slegs oorweeg word indien dit aan die vereistes in paragraaf 7 van hierdie minuut voldoen.

6. Amptenare wat gereserveerde parkeerplekke en toegangskyfies deur die Direkoraat: Fisiese Hulpbronbeplanning en Eiendomsbestuur toegeken is, sal nie ingevolge hierdie minuut terugbetaal word nie.
7. Die gemagtigde amptenaar van die eis en die verantwoordelike bestuurders moet die volgende faktore in ag neem voordat die terugbetaling vir parkering goedgekeur word:
  - a) die aard van die amptenaar se besoek of die redes vir die gebruik van parkering;
  - b) die verwagte hoeveelheid tyd wat nodig word om die amptelike pligte uit te voer;
  - c) bevestiging dat die goewermentsgaragevoertuie (GG-voertuie) vir die individu bespreek is wat die terugbetaling eis vir die tydperk waarop die terugbetaling geëis word (indien van toepassing); en
  - d) toesien dat amptenare nie parkeerkoste eis vir normale daaglikse amptelike pligte nie.
8. Die volgende dokumente moet slegs vir die verwerking van die terugbetaling vir parkering vir amptelike doeleindes ingedien word:
  - a) 'n voltooid en goedgekeurde eisvorm met stawende dokumente (kwitansies en ander dokumente);
  - b) aangehegte bewys van die aard van die besoek; en
  - c) die parkeerstrokie met die handgeskrewe registrasienommer van die motor.
9. Die verwerking van terugbetalings deur die onderskeie direktorate moet op die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS) gedoen word en aan alle betalingsbeleide voldoen.
10. Hierdie minuut het vanaf 01 September 2019 in werking getree.
11. Amptenare moet toesien dat hulle nie gebruik maak van gereserveerde parkeerplekke en parkeerplekke wat spesifiek vir die gebruik van GG-voertuie toegewys is nie. Slegs parkeerplekke wat aan die publiek toegewys is, mag vir die doeleindes van hierdie minuut gebruik word. Die gebou se bestuur sal streng klampbeleide op parkeeroortredings toepas. Geen terugbetalings word gemaak vir gelde wat aangegaan is voertuie wat geklamp is of enige ander parkeeroortredings nie.
12. Alle aansoeke vir terugbetalings wat vanaf 21 Januarie 2019 gedateer is, sal ingevolge paragraaf 8, terugbetaal word.

13. Vir kostebesparingsdoeleindes word amptenare aangemoedig om goedkoper parkeerfasiliteite te gebruik en om 'n voertuig te deel as hulle uit dieselfde lokaal kom en dieselfde vergadering bywoon.

**GETEKEN:** LJ ELY

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**

**DATUM:** 2019-09-06